# TRUSTAKTE

van die

**MEERLUST BEMAGTIGINGSTRUST**

tussen

**DIE TRUSTEES VIR TYD EN WYL VAN DIE MYBURGH FAMILIETRUST**

en

**URSULA ENGELBRECHT**

en

**FLORINA MAGDALENA JORDAAN**

en

**JOSEPH KENNITH MULLER**

en

**ANITA DAWN NICOL**

en

**RICHARD JOHN PHILLIPS**

en

**ILSE ANNE RUTHFORD**

DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR

# INHOUDSOPGAWE


1 DEFINISIES EN INTERPRETASIE....1
2 STIGTING VAN DIE TRUST....7
3 DOELSTELLINGS VAN DIE TRUST....8
4 NAAM VAN TRUST....10
5 KWALIFISERENDE MAATSTAWWE....10
6 BEFONDSING VAN DIE TRUST, TOEWYSING VAN NETTO INKOMSTE EN RESERWE BEDRAG....10
7 REGISTER VAN EENHEDE....12
8 DEELNEMINGS EENHEDE....13
9 VERKOOP VAN EENHEDE....14
10 DOOD VAN 'N BEGUNSTIGDE....16
11 TOEWYSING VAN EENHEDE....17
12 WAARDASIE VAN EENHEDE....20
13 TOEWYSING VAN KAPITAAL....21
14 TOEDELING BY ONTBINDING....21
15 ADMINISTRASIE VAN DIE TRUST....21
16 TRUSTEES....22
17 ONAFHANKLIKE TRUSTEE....25
18 ONTHEFFING VAN AMP....26
19 MAGTE VAN TRUSTEES....27
20 PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN TRUSTEES....29
21 SEKURITEIT....30
22 PROSEDURE BY VERGADERINGS VAN TRUSTEES....30
23 TRUSTEES SE BELANG BY TRUST TRANSAKSIES....32
24 KWARTAALLIKSE INLIGTINGSVERGADERINGS....32
25 ALGEMENE VERGADERING....32
26 JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING....33
27 SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS....33
28 KENNISGEWINGS EN PROSEDURE BY ALGEMENE VERGADERINGS....34
29 REKENKUNDIGE REKORDS EN JAARLIKSE FINANSIËLE STATE....36
30 HANDTEKENINGE....36
31 REGSAKSIE....36
32 SPESIALE BESIGHEID....36
33 BEGINSEL VAN REGVERDIGHEID....38
34 ARBITRASIE....38
35 VRYWARING....38
36 VERGOEDING VAN TRUSTEES....39
37 DISKRESIE VAN TRUSTEES....39
38 ONTBERING....39
39 REGISTRASIE VAN TRUST....39
40 AANVAARDING DEUR TRUSTEES....40
41 KOSTE....40
42 WYSIGINGS AAN DIE TRUSTAKTE....40


F.M.J.
U.E
R.S.P

DIE PARTYE KOM HIERMEE AS VOLG OOREEN:

1 DEFINISIES EN INTERPRETASIE

1.1 In hierdie Trustakte, tensy die samehang anders aandui, het die volgende woorde die volgende betekenisse en sal verwante uitdrukkings ooreenstemmende betekennisse dra:

1.1.1 "**Aandele**" beteken die aandele in Great Force Investments en Almika soos gehou deur die Trustees van tyd tot tyd vir die voordeel van die Begunstigdes en enige ander soortgelyke belange wat die Trustees van tyd tot tyd mag aankoop;

1.1.2 "**AARP**" beteken die algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk soos toegepas in Suid-Afrika, soos ontwikkel deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters en soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die Rekenkundige Praktyksraad;

1.1.3 "**Algemene Vergadering**" beteken 'n vergadering van al die Begunstigdes soos van tyd tot tyd belê in terme van hierdie Trustakte;

1.1.4 "**Almika**" beteken Almika Properties 73 (Eiendoms) Beperk, registrasie nommer 2008/024211/07, 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid opgerig in die Republiek van Suid-Afrika;

1.1.5 "**Almika Aandele**" beteken die aandele in Almika, soos gehou deur die Trustees van tyd tot tyd vir die voordeel van die Begunstigdes;

1.1.6 "**Begunstigdes**" beteken:

1.1.6.1 die Oorspronklike Begunstigdes; en

1.1.6.2 die Daaropvolgende Begunstigdes;

wat Eenhede verkry het, of enige persoon wat om enige ander rede ingevolge die bepalings van die Trustakte, Eenhede hou of verkry het soos van tyd tot tyd

aangedui word in die Register;

1.1.7 **"Billike Waarde"** beteken, ten opsigte van 'n maatskappy of enige belang, die billike waarde daarvan soos ooreengekom of vasgestel in ooreenstemming met klousule 12;

1.1.8 **"Brëe-Basis Eienaarskap Skema"** beteken 'n kollektiewe eienaarskap skema soos gedefinieër in Kode 100 van die Kodes;

1.1.9 **"Daaropvolgende Begunstigdes"** beteken enige Swart Persoon anders as 'n Oorspronklike Begunstigde wat onderhewig is aan die bepalings van hierdie Trustakte wat ter enige tyd as 'n begunstigde deur die Trustees toegelaat word, asook enige ander persoon wat diens as 'n Werknemer verrig op die Plase en wat aan die Kwalifiserende Maatstawwe voldoen;

1.1.10 **"Departement"** beteken die Departement van Grondsake;

1.1.11 **"Eenheid"** beteken die regte wat 'n Begunstigde teen die Trustees en Trust verkry uit hoofde van die feit dat die Begunstigde 'n Eenheid hou, welke regte onder andere die volgende insluit:

1.1.11.1 die reg om tydens 'n distribusie van inkomste of kapitaal deur die Trustees 'n gedeelte van die voormelde distribusie te ontvang ten opsigte van elke Eenheid deur die Begunstigde gehou wat in dieselfde verhouding tot die totale distribusie staan as waarin een Eenheid tot die totale Eenhede staan wat deur al die Begunstigdes gehou word;

1.1.11.2 die reg om met die ontbinding van die Trust, 'n gedeelte van die Trustfonds te ontvang ten opsigte van elke Eenheid deur die Begunstigde gehou word wat in dieselfde verhouding tot die totale Trustfonds wat onder Begunstigdes verdeel mag word staan as waarin die Eenhede deur die Begunstigde gehou word tot die totale Eenhede staan wat deur al die Begunstigdes gehou word;

1.1.11.3 die reg om sover dit regtens moontlik is, 'n hoeveelheid stemme op 'n algemene

F.M.J.
U.E
R.J.P
AN
1QR

vergadering te mag uitbring, gelykstaande aan die totaal van al die Eenhede wat deur die Begunstigde gehou word;

1.1.12 "**Eenheidsregte**" beteken die proporsionele reg van 'n Begunstigde om te deel in die Netto Inkomste en/of kapitaal van die Trust wat so 'n persentasie sal wees soos van tyd tot tyd geboekstaaf word in die Register en soos aangetoon in 'n skriftelike kennisgewing wat aan elke Begunstigde gegee sal word deur die Trustees sodra dit in die Register opgeskryf is;

1.1.13 "**Effektiewe Datum**" beteken die datum waarop die Trustees die Aandele in Great Force Investments en Almika verkry;

1.1.14 "**Finansiële Jaar**" beteken die periode vanaf die Ondertekeningsdatum tot en met 30 Junie 2008 en daarna elke periode van 12 (twaalf) maande wat begin op die 1ste dag van Julie elke jaar en eindig op die daaropvolgende 30ste dag van Junie elke jaar;

1.1.15 "**Great Force Investments**" beteken Great Force Investments 145 (Eiendoms) Beperk, registrasie nommer 2007/031529/07, 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid opgerig in die Republiek van Suid-Afrika;

1.1.16 "**Great Force Investments Aandele**" beteken die aandele in Great Force Investments soos gehou deur die Trustees van tyd tot tyd vir die voordeel van die Begunstigdes;

1.1.17 "**Kwalifiserende Maatstawwe**" beteken die maatstawwe soos uiteengesit in klousule 5;

1.1.18 "**Kwalifiserende Werknemers**" beteken Werknemers wat aan die Kwalifiserende Maatstawwe voldoen;

1.1.19 "**Meester**" beteken die Meester van die Hooggeregshof;

1.1.20 "**Netto Inkomste**" beteken die netto inkomste van die Trust (insluitende maar nie beperk tot enige dividende nie), vir 'n bepaalde periode soos bepaal deur die

Ouditeure in ooreenstemming met AARP;

1.1.21 **"Ondertekeningsdatum"** beteken die datum waarop die laaste ondertekening van hierdie Trustakte plaasvind;

1.1.22 **"Oorspronklike Begunstigdes"** beteken die persone wie se name op die Ondertekeningsdatum op Aanhangsel "B" verskyn;

1.1.23 **"Ouditeure"** beteken die ouditeure wat van tyd tot tyd aangestel is as die ouditeure van die Trust;

1.1.24 **"Plase"** beteken Meerlust plaas, Vriesenhof plaas en Neil Ellis landgoed;

1.1.25 **"Prima Koers"** beteken die openbare gekwoteerde basiese rentekoers, saamgestel maandeliks terugwerkend en bereken op 'n 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dag jaar ongeag of dit 'n skrikkeljaar is, soos van tyd tot tyd gepubliseer deur Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk om sy Prima oortrokke koers te wees, gesertifiseer deur enige verteenwoordiger van daardie Bank wie se aanstelling en ampsbenoeming nie nodig sal wees om te bewys nie;

1.1.26 **"Register"** beteken die Register waarin onder andere die Begunstigdes se Eenheidsregte soos opgeneem deur die Trustees in ooreenstemming met klousule 7 hieronder opgeskryf is;

1.1.27 **"Reserwe Bedrag"** beteken die reserwe wat van tyd tot tyd deur die Trustees opgebou en gehandhaaf sal word soos in die algemeen in klousule 6 bepaal word;

1.1.28 **"Spesiale Besigheid"** beteken daardie aangeleenthede waarna in klousule 32.2 hieronder verwys word;

1.1.29 **"Stigter"** beteken die Trustees vir Tyd en Wyl van die Myburgh Familietrust, Trust Nr. IT 190/1993 (Kaapstad);

1.1.30 "Swart Persoon" beteken "swart persone" soos gedefinieër in die Swart Ekonomiese Bemagtigingwet, 2003;

F.M.J.
U.E
R.J.P
AH IdR

1.1.31 **"Toekenning"** beteken die basiese bedrag wat deur die Departement beskikbaar gemaak en goedgekeur is vir die voordeel van elk van die Oorspronklike Begunstigdes van die Trust;

1.1.32 **"Trustakte"** beteken hierdie trustakte;

1.1.33 **"Trust"** beteken die trust wat in terme van hierdie Trustakte opgerig word;

1.1.34 **"Trustfonds"** beteken die bates wat van tyd tot tyd onder die beheer en administrasie van die Trustees geplaas word of reeds is, insluitend maar nie beperk tot enige kapitaal en/of inkomste van die Trust nie;

1.1.35 **"Trustees"** beteken die volgende persone:

1.1.35.1 Ursula Engelbrecht, identiteitsnommer 781121 0176 08 0,

1.1.35.2 Florina Magdalena Jordaan, identiteitsnommer 760510 0250 08 2,

1.1.35.3 Joseph Kennith Muller, identiteitsnommer 710625 5209 08 0,

1.1.35.4 Anita Dawn Nicol, identiteitsnommer 730818 0099 08 7,

1.1.35.5 Richard John Phillips, identiteitsnommer 680710 5287 08 2,

1.1.35.6 Ilse Anne Ruthford, identiteitsnommer 760827 0075 08 1,

wat die trustees is op die Ondertekeningsdatum, asook enige persoon wat van tyd tot tyd enige van voormelde persone vervang as Trustee of wat andersins aangestel word as Trustee van die Trust ingevolge die bepalings van hierdie Trustakte;

1.1.36 **"Wet"** beteken die Wet op Beheer van Trustgoedere (Wet 57 van 1988);

1.1.37 **"Werknemers"** beteken voltydse en/of deeltydse persone wat van tyd tot tyd as werknemers diens verrig op die Plase.

1.2 In hierdie Trustakte, tensy die samehang anders aandui, sluit woorde wat een geslag



UE RJP IAR A.N F.M.J.

aandui ook die ander geslag in; sluit woorde wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in, en andersom, en verwysings na natuurlike persone sluit regspersone in en is in elk van die gevalle, omruilbaar.

1.3 Elke bepaling (en gedeeltes van 'n bepaling sover dit skeibaar is) van die Trustakte is onafhanklik van mekaar en indien enige bepaling (of gedeelte van 'n bepaling) ongeldig verklaar word sal dit nie die res van die bepalings van die Trustakte (of die oorblywende gedeelte van die betrokke bepaling) affekteer nie.

1.4 'n Verwysing na enige statutêre verordening sal uitgelê word as 'n verwysing na daardie verordening soos op die Ondertekeningsdatum en soos gewysig of vervang van tyd tot tyd.

1.5 Verwysing na "dae" sal uitgelê word as kalenderdae tensy dit deur die woord "besigheid" gekwalifiseer word, in welke geval 'n "besigheidsdag" enige dag anders as 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag soos gepubliseer in die Staatskoerant deur die regering van die Republiek van Suid-Afrika van tyd tot tyd, sal beteken. Enige verwysing na "besigheidsure" sal uitgelê word as die ure tussen 08h30 en 17h00 op enige besigheidsdag. Enige verwysing na tyd sal gebasseer word op die Suid-Afrikaanse Standaard Tyd.

1.6 Tensy spesifiek anders voorsien, sal enige aantal dae wat voorgeskryf word bepaal word deur die eerste dag uit te sluit en die laaste dag in te sluit, of waar die laaste dag op 'n dag val wat nie 'n besigheidsdag is nie, die eerste daaropvolgende besigheidsdag.

1.7 Waar daar na bedrae of hoeveelhede verwys word in beide syfers en woorde en daar is 'n verskil tussen die twee, sal woorde voorrang geniet, tensy die konteks 'n teenstrydige bedoeling aandui.

1.8 Geen bepaling hierin sal uitgelê word teen, of geïnterpreteer word tot die nadeel van 'n Party nie, omrede sodanige Party daardie bepalings gestruktureer, opgestel of voorgestel het of geag word om dit te gestruktureer, opgestel of voorgestel het nie.

A.M.J.
U.E
R.J.P
AW

1.9 Die woorde "sluit in" en "insluitend" beteken "sluit in sonder beperking" en "insluitend sonder beperking". Die gebruik van die woorde "sluit in" en "insluitend" gevolg deur 'n spesifieke voorbeeld of voorbeelde sal nie uitgelê word om die betekenis van die algemene bewoording wat dit voorafgaan, te beperk nie.

1.10 Waar ookal 'n persoon vereis word om ingevolge hierdie Trustakte op te tree as *"deskundige en nie as 'n skeidsregter nie"*, dan –

1.10.1 sal die bepaling of vasstelling van die deskundige (in die afwesigheid van 'n klaarblyklike fout) finaal en bindend wees;

1.10.2 onderhewig aan enige bewoording tot die teendeel, sal die deskundige die aanspreeklikheid vir betaling van sy fooie bepaal, wat dienooreenkomstig betaal sal word;

1.10.3 sal die deskundige geregtig wees om sodanige metodes en prosesse te bepaal as wat hy in sy of hul alleenlike diskresie, as gepas in die omstandighede ag, mits die deskundige nie enige proses voorskryf of onderneem wat klaarblyklik bevooroordeeld, onregverdig of onredelik is nie;

1.10.4 sal die deskundige met die relevante Partye konsulteer (met dien verstande dat die omvang van die deskundige se konsultasies in sy of hul alleenlike diskresie berus) voor die maak van so 'n bepaling; en

1.11 met inagneming van die sensitiwiteit van enige vertroulike inligting, sal die deskundige geregtig wees om advies in te win van enige persoon wat hy ag om oor deskundige kennis te beskik met verwysing na die aangeleentheid ter sake.

2 STIGTING VAN DIE TRUST

2.1 'n Inter Vivos beleggingstrust word hiermee gestig deur die Stigter en die Trustees ten einde die Trustfonds ten behoewe van die Begunstigdes te administreer en te bestuur, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes uiteengesit in hierdie Trustakte. Die Trust sal vir 'n onbepaalde tydperk voortduur en sal beëindig word op die wyse en in

F.M.J.
UE
R.J.P

ooreenstemming met die formaliteite soos vervat in hierdie Trustakte.

2.2 Ter oprigting van die Trust skenk die Stigter hiermee aan die Trustees 'n bedrag van R100,00 (een honderd rand).

2.3 Die Departement sal die Toekenning aan die Trustees betaal vir die voordeel van die Oorspronklike Begunstigdes in oorstemming met die bepalings van hierdie Trustakte op voorwaarde dat die Trustees die totale Toekenning sal gebruik vir die aankoop van Aandele in Great Force Investments en inskrywing vir Aandele in Almika.

2.4 Met die oordrag en uitreiking van die Aandele aan die Trustees sal die Trustees so gou as moontlik daarna die Aandele toeken sodat die Aandele indirek geallokeer kan word aan elk van die Begunstigdes en direk deur die Trustees gehou sal word vir die voordeel van die Begunstigdes in ooreenstemming met die Eenheidsregte.

## 3 DOELSTELLINGS VAN DIE TRUST

3.1 Die doelstellings van die Trust is om:

3.1.1 die Departement as deel van die inwerkingstelling van hul beleid met betrekking tot Grondherverdeling en Landbou Ontwikkeling in staat te stel om:

3.1.1.1 grond beskikbaar te maak aan persone vir landbou doeleindes wat as 'n gepaste projek vir die LRAD sub-program, geïdentifiseer is;

3.1.1.2 te verseker dat die Werknemers 'n eienaarskapsbelang in Great Force Investments en Almika sal verkry;

3.1.2 die donasie in terme van klousule 2.2 te ontvang;

3.1.3 swart ekonomiese bemagtiging te fasiliteer deur die Werknemers te bemagtig in die landbou bedryf en spesifiek om Brëe-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging en eienaarskap te fasiliteer van landbougrond deur Swart Persone, in oorstemming met die eienaarskapvereistes van die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Kodes;

F.M.J.
U.E
R.J.P

3.1.4 die Aandele en sodoende 'n belang in Great Force Investments en Almika te verkry;

3.1.5 onderhewig aan die bepalings van klousule 3.2.5 die beleggings, besigheids- en handels aktiwiteite te beoefen wat die Trustees van tyd tot tyd nodig mag ag vir die bevordering van die belange van die Begunstigdes;

3.1.6 as instrument te dien ten einde die Begunstigdes in staat te stel om deel te kan neem in die bestuur van enige regspersoon, vennootskap of ander entiteit waarin die Trust ten behoewe van die Begunstigdes 'n belang mag verkry en hulle belange te beskerm;

3.1.7 die inkomste van die Trust aan te wend ten einde die doelstellings van die Trust te verwesenlik en om sodoende die sosiale en ekonomiese welvaart van die Begunstigdes te bevorder;

3.1.8 as instrument te dien om uitvoering te gee aan die doelstellings van Swart Ekonomiese Bemagtiging in soverre dit betrekking het op boerdery ondernemings.

3.2 Die Trust sal–

3.2.1 nie handel dryf met betrekking tot sy aandele of belang in Almika nie;

3.2.2 slegs optree as 'n beleggingshouerstrust ten opsigte van die Aandele en die Trustees se belang in die algemeen in Great Force Investments en Almika en sulke ander beleggings as wat die Trust van tyd tot tyd mag aangaan;

3.2.3 bedryf word as 'n kanaal vir die verdeling van die Trustinkomste deur verdelings en distribusies tot die voordeel van sulke Begunstigdes wat geregtig mag wees op distribusies of voordele in terme van hierdie Trustakte, soos die geval mag wees;

3.2.4 bedryf word as 'n kanaal vir die distribusie van Trustkapitaal, soos voorsien word in hierdie Trustakte, vir die voordeel van die Begunstigdes wat dan geregtig is op distribusies of voordele in terme van hierdie Trustakte; en

3.2.5 verbied wees om enige ander besigheid te bedryf anders as wat voorsien word in

hierdie Trustakte.

## 4 NAAM VAN TRUST

Die naam van die Trust is die **MEERLUST BEMAGTIGINGSTRUST.**

## 5 KWALIFISERENDE MAATSTAWWE

5.1 Enige Swart Persoon wat 'n Werknemer is is geregtig om aansoek te doen om Eenhede te bekom teen betaling van die teenprestasie daarvoor soos bepaal kragtens hierdie Trustakte op sodanige manier as wat van tyd tot tyd deur die Trustees bepaal mag word.

5.2 Geen persoon sal geregtig wees om aansoek te doen vir die verkryging van die Eenhede gedurende enige indiensnemings proeftydperk of wanneer 'n regsgeldige kennisgewing van opskorting of beëindiging van diens op so 'n persoon beteken is nie.

5.3 Begunstigdes sal net geregtig wees om aan die Brëe-Basis Eienaarskap Skema deel te neem as en tot so 'n mate dat hulle geregtig is (indien hulle kwalifiseer) en genooi word deur die Trustees om aan die Brëe-Basis Eienaarskap Skema deel te neem in terme van hierdie Trustakte.

5.4 Nieteenstaande die voorafgaande sal enige persoon wie 'n Kwalifiserende Werknemer was op die Effektiewe Datum en wie se diens beëindig word weens siekte, ongeskiktheid of ouderdom (aftrede), geag word te voldoen aan die Kwalifiserende Maatstawwe tot en met so 'n persoon se afsterwe maar sal sodanige persoon nie geregtig wees om verdere Eenhede na die verloop van die betrokke gebeurtenis te bekom nie tensy 'n aansoek in die verband reeds aan die Trustees gerig was voor die verloop van die betrokke gebeurtenis.

## 6 BEFONDSING VAN DIE TRUST, TOEWYSING VAN NETTO INKOMSTE EN RESERWE BEDRAG

6.1 Die algehele oogmerk is dat die Trust mettertyd self befonsend sal word, sodat dit nie op toekennings en lenings van ander hoef staat te maak nie. Die Trustees sal daarom



M.J.
U.E
R.J.P 10

van tyd tot tyd:

6.1.1 verseker en verplig wees om te verseker, dat die Trust genoeg reserwes het om die Trust se verpligtinge en verantwoordelikhede na te kom in terme van klousules 9, 10 en 11;

6.1.2 bepaal welke gedeelte van die Netto Inkomste verdeel kan word aan die Begunstigdes met dien verstande dat daar jaarliks nie meer as 60% (sestig persent) van die Netto Inkomste aan die Begunstigdes betaal sal word nie;

6.1.3 die balans van die jaarlikse Netto Inkomste terughou as deel van die opgeloopte Reserwe Bedrag wat slegs beskikbaar sal wees vir aanwending soos bepaal in klousule 6.2 hieronder.

6.2 Die Reserwe Bedrag sal soos volg aangewend word:

6.2.1 om die Trust se verpligtinge en verantwoordelikhede na te kom in terme van klousules 9, 10 en 11;

6.2.2 om beleggings te maak in die naam van die Trust in enige eersteklas belegging, byvoorbeeld rente-draende rekeninge, of om sodanige effektetrusts te koop soos van tyd tot tyd skriftelik aanbeveel word aan die Trustees deur 'n praktiserende aandelemakelaar of ouditeur tensy die Trustees van tyd tot tyd eenparig andersins besluit met betrekking tot 'n spesifieke ander tipe belegging;

6.2.3 om van tyd tot tyd gedeeltes van die Reserwe Bedrag te gebruik sodat betalings gemaak kan word aan Begunstigdes met die terugkoop van Eenhede en/of aankoop van addisionele Eenhede deur die Trust ooreenkomstig die bepalings van hierdie Trustakte.

6.3 Na aanwending van die Reserwe Bedrag soos bepaal in klousules 6.2.1 tot 6.2.3, mag die balans daarvan soos volg aangewend word:

6.3.1 deur hulp aan Begunstigdes te verleen om persoonlik eiendom te bekom of om huise te bou op sodanige basis as wat die Trustees van tyd tot tyd mag besluit;



F.M.J.
U.E
R.J.P

6.3.2 deur hulp aan Begunstigdes te verleen om meer Eenhede te bekom;

6.3.3 die verdeling daarvan tussen die Begunstigdes gedurende 'n Finansiële Jaar indien die Trust in die betrokke Finansiële Jaar ontbind word.

6.4 Die Trustees sal, bo en behalwe die skepping van die Reserwe Bedrag ingevolge hierdie klousule 6, te alle tye behoorlike en redelike oorweging skenk aan die moontlike uitbreiding van die aantal Daaropvolgende Begunstigdes, met die mikpunt en oogmerk dat verdere Daaropvolgende Begunstigdes van tyd tot tyd toegelaat mag word en dat die Trustees verplig sal wees om sodanige toelating te fasiliteer. Dit word voor oë gestel dat sodanige fasilitering onder andere deur middel van die volgende mag gebeur:

6.4.1 die maak van toekenning van Eenheidsregte aan sulke Daaropvolgende Begunstigdes deur die Trustees;

6.4.2 die ondersteuning deur die Trustees van sulke Daaropvolgende Begunstigdes deur hulle in staat te stel om 'n finansiële bydrae tot die Trust te maak deur lenings aan sulke persone te maak.

6.5 Enige verdeling van Reserwe Bedrag tussen Begunstigdes sal slegs plaasvind in die verhouding waarin elke Eenheid deur die Begunstigde gehou staan tot die hoeveelheid Eenhede wat deur al die Begunstigdes gehou word.

## 7 REGISTER VAN EENHEDE

7.1 Die Trustees sal 'n Register van die Begunstigdes in stand hou. Die Register sal ten minste die name, geboortedatums, identiteitsnommers, hoeveelheid Eenhede van alle Begunstigdes, distribusies en besonderhede daarvan van tyd tot tyd aantoon.

7.2 Die Trustees sal gereeld en onmiddellik na die plaasvind daarvan, alle distribusies en enige wysigings aan die Eenheidsregte in die Register aanbring.

7.3 Enige Begunstigde sal die reg hê om die Register te inspekteer te alle redelike tye.

E.M.J.
U.E
R.J.P
AW

8 DEELNEMINGS EENHEDE

8.1 Die algehele Trustfonds en die inkomste wat van tyd tot tyd gegenereer word, vestig in die Trustees ten behoewe van die Begunstigdes en moet deur die Trustees gehou en administreer word namens en tot die voordeel van die Begunstigdes en wel in verhouding tot die aantal Eenhede wat deur elk van hulle gehou word.

8.2 Die Begunstigdes sal indirek geregtig wees, ooreenkomstig met die Eenhede wat van tyd tot tyd deur die Begunstigde gehou word, op 'n deel van die Trustfonds en/of inkomste en/of verdeelbare voordele. Die individuele voordelige belang van elkeen van die Begunstigdes sal verteenwoordig word deur die Eenhede gehou deur die Begunstigde.

8.3 'n Eenheid word geag aan 'n Begunstigde toegeken te wees op die tydstip waarop die Begunstigde die teenprestasie vir 'n Eenheid aan die Trustees betaal het, of op sodanige datum soos ooreengekom tussen die Begunstigde en die Trustees as die datum waarop die Eenheid aan die Begunstigde toegeken sal word, welke gebeurtenis ookal laaste plaasvind.

8.4 Aan elkeen van die Begunstigdes sal 'n sertifikaat uitgereik word waarin die hoeveelheid Eenhede waarop hy geregtig is, gesertifiseer word.

8.5 Die Eenhede wat van tyd tot tyd aan 'n Begunstigde toegewys word, is persoonlik van aard en mag nie verkoop, of op enige manier gebruik word vir die gee van sekuriteit vir enige manier van skuld, gesedeer, verpand, toegewys of op enige ander wyse oorgedra word nie, behalwe in dié mate waarin dit ingevolge die bepalings van hierdie Trustakte toegelaat mag word.

8.6 Indien 'n Begunstigde poog om die Eenhede wat aan hom toegeken is, te verkoop, oor te dra, te sedeer, te verpand of toe te wys in stryd met die bepalings van die Trustakte of indien, binne 'n periode van 5 (vyf) jaar vanaf die Effektiewe Datum, 'n Begunstigde:

8.6.1 insolvent verklaar word; of

H.M.J.
L.I.E
R.J.P
AN

8.6.2 afstand doen van sy boedel of beslag gelê word op die Eenhede, of;

8.6.3 bedank as 'n Werknemer van die Plase;

8.6.4 afgedank word of onder ander omstandighede die diens van die Plase verlaat;

8.6.5 se Eenhede vir een of ander rede vestig in 'n ander persoon anders as in die omstandighede soos hierin uiteengesit,

dan in alle sodanige gevalle sal dit geag word dat die regte van die betrokke Begunstigde in die relevante Eenhede *ipso facto* verbeur is aan en herverkry is deur die Trustees. Die Trustees is geregtig om na die plaasvind van die genoemde gebeurtenis enige of alle sodanige Eenhede weer aan die betrokke Begunstigde uit te reik en/of om sodanige voordele as wat hom ten opsigte daarvan mag toegeval het, aan hom toe te ken en/of om sodanige Eenhede uit te reik of om sodanige betalings te maak aan die eggenoot, kind of ander verwante of afhanklike van die betrokke Begunstigde.

8.7 Daar sal geen beperking wees op die aantal Eenhede wat geskep en uitgereik mag word deur die Trustees nie. Indien die Trustees enige Eenheid terugkoop kragtens hierdie Trustakte ingevolge klousules 9.1, 9.4, 9.5 en 10.1.2 moet die betrokke Eenheid egter gekanselleer word.

## 9 VERKOOP VAN EENHEDE

9.1 Behalwe waar uitdruklik andersins in die Trustakte voorsien word, mag geen Begunstigde, behalwe in die geval van die dood van 'n Begunstigde, sy Eenhede te koop aanbied binne 5 (vyf) jaar na die datum waarop die betrokke Eenheid deur die Begunstigde bekom is nie.

9.2 Na afloop van die 5 (vyf) jaar periode of met ontvangs van die Trustees se toestemming, welke ookal die vroegste plaasvind, sal die Begunstigde wat van sy Eenhede wil verkoop (die "**Verkopende Begunstigde**") eers die aanbod in die verband aan die Trustees voorlê vir aanvaarding. Die koopprys betaalbaar vir



F.M.J.
L.E
R.S.P
AN

Eenhede sal geag word die Billike Waarde daarvan te wees soos bepaal in terme van klousule 11. Indien die Trustees nie die genoemde aanbod aanvaar binne 30 (dertig) dae na ontvangs van die aanbod nie, moet die Begunstigde die betrokke Eenhede aan al die ander Begunstigdes wat op daardie stadium voldoen aan die Kwalifiserende Maatstawwe, te koop aanbied op dieselfde voorwaardes en teen dieselfde Billike Waarde as waarop dit aan die Trustees te koop aangebied is. Indien meerdere Begunstigdes, wat geregtig is om die Verkopende Eenhede te koop die Eenhede wil koop, sal dit proporsioneel tussen die potensiële kopers daarvan verdeel word, tensy die Trustees bepaal dat splitsing van die Eenhede nie moet geskied nie, in welke geval die identiteit van die koper(s) van die Eenhede bepaal sal word deur 'n loting gehou onder toesig van die Trustees.

9.3 Slegs indien geen van die Begunstigdes wat op daardie stadium die betrokke Eenhede wil koop binne die 30 (dertig) dae nadat hulle geregtig geword het om die Eenhede te koop nie, sal die Begunstigde geregtig wees om die Verkopende Eenhede aan 'n nie-Begunstigde te verkoop, onderhewig daaraan dat sodanige persoon egter eers moet voldoen aan die Kwalifiserende Maatstawwe voordat so 'n transaksie geldig sal wees.

9.4 Indien die Eenhede nie aan ander persone as die Trustees ooreenkomstig hierdie klousule 9 verkoop word nie sal die Trustees na afloop van die tydperke genoem in hierdie klousule 9 'n opsie hê om die betrokke Eenhede aan te koop op die voorwaardes uiteengesit in klousule 9.1 hierbo, onderhewig daaraan dat die koopprys van die Eenhede bepaal sal word op die tydstip wat die opsie uitgeoefen word deur die Trustees. Indien die opsie deur die Trustees uitgeoefen word sal die koopprys betaal word soos en wanneer die Trustees redelikerwys besluit dat die Trust oor genoegsame fondse beskik om die koopprys of 'n gedeelte daarvan te betaal. Enige gedeelte van die koopprys wat nie betaal word binne 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae vanaf die datum van die verkoop aan die Trustees in terme van die opsie of afloop van die 5 (vyf) jaar periode genoem hierbo, welke ookal die laaste is nie, sal enkelvoudige rente dra teen 5 (vyf) persentasie punte onder die Prima Koers vanaf die dag wat volg op die genoemde 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae tot datum van betaling van die uitstaande koopprys

R.M.J.
U.E.
R.J.P.

9.5 Indien 'n Begunstigde Eenhede hou en nie meer aan die Kwalifiserende Maatstawwe voldoen of nie langer 'n Kwalifiserende Werknemer is na die voorafgenoemde 5 (vyf) jaar nie, vir enige ander rede anders as gevolg van die:

9.5.1 Afsterwe (van 'n Begunstigde wat wie skriftelik 'n erfgenaam genomineer het in ooreenstemming met Aanhangsel "C" nie);

9.5.2 aftrede;

9.5.3 siekte;

9.5.4 ongeskiktheid;

van so 'n Begunstigde, sal die Begunstigde, onderhewig aan die bepalings van klousule 5.4, verplig wees om sy Eenhede by die plaasvind van so 'n gebeurtenis aan die Trust te verkoop. Die koopprys wat deur die Trust betaal sal word aan die betrokke Begunstigde sal betaalbaar wees wanneer die Trustees besluit dat die Trust oor genoegsame fondse beskik om die koopprys of 'n gedeelte daarvan te betaal. Enige gedeelte van die koopprys wat nie betaal word binne 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae vanaf die datum van die verkoping of die afloop van die 5 (vyf) jaar periode genoem in klousule 9 nie, welke ookal die laaste is, sal enkelvoudige rente dra teen 5 (vyf) persentasie punte onder die Prima Koers vanaf die dag wat volg op die genoemde 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae tot datum van betaling van die uitstaande koopprys.

## 10 DOOD VAN 'N BEGUNSTIGDE

10.1 Nieteenstaande die bepalings van klousule 9.1, met die dood van 'n Begunstigde, wie skriftelik 'n erfgenaam genomineer het in ooreenstemming met Aanhangsel "C", sal die Eenhede waarop hy geregtig is met sy afsterwe sy erfgename toeval, onderhewig aan die volgende voorwaardes.

10.1.1 indien die erfgenaam 'n Kwalifiserende Werknemer is ten tye van adiasie sal die betrokke Eenhede aan die betrokke erfgename oorgedra word so spoedig moontlik



F.M.J.
U.E
R.J.P

na adiasie en gehou word deur sodanige erfgenaam onderhewig aan die bepalings van hierdie Trust, en

10.1.2 indien 'n erfgenaam nie 'n Kwalifiserende Werknemer is ten tye van adiasie nie, sal die Eenhede wat hom toeval geag word vanaf die datum van adiasie die Trust toe te val en geag verkoop te wees teen 'n koopprys wat gelyk is aan die Billike Waarde van die Eenhede wat bepaal sal word ooreenkomstig klousule 9. Die opbrengs van die verkoop sal dan aan die betrokke erfgenaam betaal word. Die koopprys sal deur die Trust betaal word aan die betrokke erfgenaam soos en wanneer die Trustees besluit dat die Trustees oor genoegsame fondse beskik om die koopprys of 'n gedeelte daarvan te betaal. Enige gedeelte van die koopprys wat nie betaal word binne 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae vanaf die datum van geagte verkoping daarvan nie, sal enkelvoudige rente dra teen 5 (vyf) persentasie punte onder die Prima Koers vanaf die dag wat volg op die genoemde 365 (driehonderd vyf-en-sestig) dae tot datum van betaling van die uitstaande koopprys.

10.1.3 Ten einde onduidelikheid te vermy word dit bevestig dat die voorkoopsreg genoem in klousule 9 nie van toepassing sal wees by die geagte verkoping van Eenhede by die afsterwe van 'n Begunstigde soos beoog in klousule 10.1.2 nie.

## 11 TOEWYSING VAN EENHEDE

11.1 Alle persone wat voldoen aan die Kwalifiserende Maatstawwe wie van tyd tot tyd aansoek mag doen vir die uitreiking aan hulle van Eenhede, sal kwalifiseer as Begunstigdes in terme van hierdie Trust, sodra:

11.1.1 die Eenhede deur die Trustees aan hulle toegeken is; en

11.1.2 die betrokke teenprestasie waarvan die waarde bepaal word volgens die bepalings van die Trustakte vir die Eenheid, deur hulle betaal is.

11.2 Die Trustees sal so gou as moontlik na die aankoop en inskrywing deur die Trust van die Aandele in Great Force Investments en Almika toesien dat skriftelike kennisgewings aan die Oorspronklike Begunstigdes gegee word wat ten minste die



P.M.J.
U.E
R.J.P
AW

volgende boekstaaf:

11.2.1 die Eenhede wat toegeken is aan die betrokke Oorspronklike Begunstigde;

11.2.2 'n algemene verduideliking aan die betrokke Oorspronklike Begunstigdes van sy/haar regte en belange in Great Force Investments en Almika waarna verwys word in die genoemde kennisgewing.

11.3 Die kennisgewing waarna verwys in klousule 11.2 hierbo, sal vergesel wees van 'n skriftelike aanvaardingsakte wat geteken moet word deur die betrokke Oorspronklike Begunstigde. Die vorm van die aanvaardingsakte sal deur die Trustees vasgestel word en sal, *inter alia*, 'n erkenning bevat deur die Begunstigde van die feit dat hy/sy sy/haar gevestigde regte mag verloor in die omstandighede soos voorsien in klousules 8.6 hierbo.

11.4 In geval van 'n herallokasie van die Begunstigde se voordele (byvoorbeeld as gevolg van die toelating van Daaropvolgende Begunstigdes) sal die Trustees eweneens, so gou as moontlik daarna, al die Begunstigdes in kennis stel van sodanige herallokasie van die Eenheidsregte en Eenhede.

11.5 Die bepalings van hierdie klousule 11 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees aan enige Daaropvolgende Begunstigdes.

11.6 Die Oorspronklike Begunstigdes sal gedurende die eerste Finansiële Jaar van die Trust geregtig wees op 'n aanvanklike toekenning van Eenhede teen 'n teenprestasie van R321.00 (driehonderd een-en-twintig rand) vir die eerste Eenheid en daarna R500.00 (vyfhonderd rand) per Eenheid. Sodanige toekenning van Eenhede sal gefinansier word deur Toekenning, dit wil sê die fondse wat tot sodanige persoon se beskikking gestel mag word deur die Departement as 'n vestigingstoekenning, welke finansiering aangevul mag word deur persoonlike fondse. Die Oorspronklike Begunstigdes sal verplig wees om 'n onherroeplike onderneming ten gunste van die Trustees te onderteken ingevolge waarvan hulle al hulle reg, titel en belang in en tot die toekenning wat deur die Departement tot hul beskikbaar gestel word, aan die Trustees te sedeer en wat beskou sal word as teenprestasie of betaling vir die

Begunstigde se betrokke Eenhede. Die opbrengs van die betrokke toekenning sal deur die Trustees aangewend word ter betaling van die teenprestasie wat deur die relevante Begunstigde verskuldig is ten opsigte van die Eenhede wat aanvanklik aan die Begunstigde toegeken is ook om die Aandele te koop.

11.7 Na die aanvanklike toekennings soos genoem in klousule 11.6 sal geen verdere Eenhede uitgereik word (behalwe ten einde 'n fout reg te stel) tot tyd en wyl die Trustees 'n nuwe waarde van 'n Eenheid bepaal het teen die einde van die eerste en elke daaropvolgende Finansiële Jare van die Trust soos voorgestel in klousule 12.1. Sodra sodanige nuwe waarde vasgestel is sal elke Begunstigde en enige ander Kwalifiserende Werker geregtig wees om skriftelik aansoek te doen vir die aankoop van nuwe of addisionele Eenhede:

11.7.1 binne die tydsbestek en wyse wat deur die Trustees voorgeskryf word; en

11.7.2 teen betaling van 'n bedrag gelykstaande aan die waarde van die Eenheid soos bepaal ooreenkomstig die bepalings van die Trustakte.

11.8 Die Trustees mag na die aanvanklike toekenning van Eenhede soos genoem in klousule 11.2 nuwe Eenhede toeken aan Kwalifiserende Werknemers. Die hoeveelheid Eenhede wat op enige tydstip na die eerste Finansiële Jaar aan Kwalifiserende Werknemers toegeken word, sal deur die Trustees in hul diskresie bepaal word met dien verstande dat die Trustees:

11.8.1 gevolg sal gee aan besluite of riglyne in hierdie verband soos voorgeskryf deur die Begunstigdes ingevolge 'n besluit geneem deur Begunstigdes op 'n vergadering van die Begunstigdes; en

11.8.2 onderworpe aan klousule 11.8.1 sal toesien dat alle Kwalifiserende Werknemers wat op 'n spesifieke tydstip aansoek doen vir Eenhede dieselfde behandel word.

P.M.J.
U.E
R.J.P

## 12 WAARDASIE VAN EENHEDE

12.1 Die Trustees sal so spoedig moontlik nadat die finansiële jaarstate beskikbaar is na die einde van elke Finansiële Jaar van die Trust, 'n nuwe "Billike Waarde" van die Eenhede soos teen die einde van die betrokke Finansiële Jaar, laat vasstel.

12.2 Sodanige Billike Waarde sal bereken word ooreenkomstig die volgende formule:

$$B = \frac{K}{T}$$

waar

B = Billike Waarde is per Eenheid aan die einde van 'n Finansiële Jaar

K = die trustbates (synde die netto verskil tussen die Trust se bates, gewaardeer teen markwaarde deur die ouditeure, en die Trust se laste) is

T = is die totale hoeveelheid Eenhede gehou op die laaste dag van die Finansiële Jaar.

12.3 Die waardasie bereken ingevolge die bepalings van 12.1 aan die einde van die Finansiële Jaar sal die waarde wees wat sal geld vir daardie Eenhede vir die daaropvolgende Finansiële Jaar.

12.4 Die waarde van 'n Eenheid bereken soos voorgemeld sal die teenprestasie verteenwoordig wat deur 'n Kwalifiserende Werknemer vir die toewysing van (verdere) Eenhede in gemelde daaropvolgende Finansiële Jaar betaalbaar is asook die teenprestasie wat betaalbaar mag wees aan 'n Begunstigde (of sy boedel) vir sy Eenhede.

12.5 Nieteenstaande enige bepalings tot die teendeel, sal die Begunstigdes in algemene vergaderings geregtig wees om te besluit om 'n premie of 'n diskonto (na gelang van die geval) op die waarde van 'n Eenheid (soos bereken in terme van klousule 12.2 hierbo) van toepassing te maak op die uitgifte van Eenhede of terugkoop van Eenhede van tyd tot tyd met dien verstande dat dieselfde voorwaardes van toepassing sal wees op alle persone wat daardeur geraak word en verder onderhewig aan die nakoming van alle formaliteite wat van toepassing is op enige Spesiale Besigheid besluite.

E.M.J. LLE R.J.P.

## 13 TOEWYSING VAN KAPITAAL

13.1 Indien die kapitale bates (of enige gedeelte daarvan) van die Trust by wyse van 'n verkoop gerealiseer word, sal die netto bedrag (nadat voorsiening vir verpligtinge gemaak is) aldus gerealiseer, van kapitale aard wees en by die kapitaal van die Trust gevoeg word tensy die Trustees besluit om 'n gedeelte of die geheel daarvan uit te keer aan die Begunstigdes wie daarop geregtig sal word uit hoofde van hul Eenhede.

13.2 Die kapitaal van die Trust en gekapitaliseerde Netto Inkomste of slegs 'n gedeelte daarvan kan onder die Begunstigdes verdeel word in die verhouding waarin elke Eenheid deur die Begunstigde gehou staan tot die aantal Eenhede wat deur al die Begunstigdes gehou word indien die Trustees andersins bepaal. Verdeling sal egter net geskied indien betaling daarvan deur 'n besluit van die Begunstigdes geneem op 'n spesiale algemene vergadering bevestig word.

13.3 Nieteenstaande enige iets tot die teendeel vervat in hierdie klousule 13 sal die Trustees geregtig wees om betalings uit die kapitaal van die Trust te maak aan Begunstigdes vir die verkryging van Eenhede deur die Trustees ooreenkomstig die bepalings van hierdie Trustakte.

## 14 TOEDELING BY ONTBINDING

By ontbinding van die Trust, en nadat behoorlike voorsiening getref is vir al die Trust se moontlike verpligtinge en uitgawes, sal die netto bedrag van die Trustfonds wat beskikbaar is vir verdeling toegedeel word aan die Begunstigdes in verhouding waarin elke Eenheid deur die Begunstigde gehou staan tot die hoeveelheid Eenhede wat deur al die Begunstigdes gehou word. Die Trust mag slegs vrywillig ontbind word deur 'n besluit geneem op 'n spesiale algemene vergadering van die Begunstigdes.

## 15 ADMINISTRASIE VAN DIE TRUST

15.1 Die Trustees sal, onderhewig aan die bepalings van hierdie Trustakte, van tyd tot tyd sodanige reëls en regulasies maak as hulle dit nodig mag ag vir die behoorlike implementasie van Brëe-Basis Eienaarskap Skema en vir die administrasie van die

F.M.J
U.E
R.J.P
AW

Trust en om sodanige bepalings en interpretasies te maak in verband daarmee, soos hulle dit nodig ag of wens.

15.2 Die Trustees is geregtig om sodanige administratiewe prosedures in te stel en om in samehang daarmee sodanige reëlings af te kondig as wat hulle nodig mag vind met betrekking tot die verhandeling van Eenhede.

15.3 Sodanige reëlings gemaak in terme van klousule 15.1 sal skriftelik wees en van krag wees wanneer die Begunstigdes kopieë daarvan ontvang.

## 16 TRUSTEES

16.1 Die bestuur van die Trust sal vestig in die Trustees wat verantwoordelik sal wees om die Trust te administreer onderhewig aan die regmatige aanwysings van die Begunstigdes soos van tyd tot tyd besluit word in 'n Algemene Vergadering.

16.2 Daar sal ten minstens 5 (vyf) maar nie meer as 8 (agt) Trustees in amp wees.

16.3 Die Stigter sal die reg hê om 'n Trustee aan te stel.

16.4 Die Stigter sal ook, tesame met die Trustees, die reg hê om 'n onafhanklike Trustee aan te stel.

16.5 Die aanvanklike Trustees sal dié persone wees waarna verwys word in klousule 1.1.35.

16.6 Die aanvanklike Trustees sal binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van uitreiking van hulle magtigingsbriewe deur die Meester hul eerste vergadering hou.

16.7 Die eerste Trustees, behalwe die onafhanklike Trustee, sal dien tot die voltooiing van die eerste Algemene Jaar Vergadering van die Begunstigdes wat gehou sal word in terme van klousule 25.3.

16.8 Die Trustees aangestel deur die Begunstigdes sal deur rotasie aftree en 'n afgetrede Trustee sal geskik wees vir herverkiesing. Met die 2[de] (tweede) Algemene Jaar Vergadering, sal 2 (twee) van die Trustees wie deur lot gekies sal wees, uit die amp tree. Met die 3[de] (derde) Algemene Jaar Vergadering sal 2 (twee) oorspronklike



F.M.J.
U.E
R.J.P.

Trustees aftree en daarna sal die oorblywende oorspronklike Trustees wie die langste in die amp dien, na elke 2de (tweede) Algemene Jaar Vergadering aftree. Enige anomalie in rotasie sal vasgestel word deur lot.

16.9 Onmiddellik voor die 2[de] (tweede) Algemene Jaar Vergadering en by alle daaropvolgende Algemene Jaar Vergaderings waar Trustees gaan aftree:

16.9.1 sal die Begunstigdes 2 (twee) Trustees verkies en met effek van die 6[de] en/of 7[de] Algemene Jaar Vergadering, sal 3 (drie) Trustees verkies word in ooreenstemming met die prosedure hieronder uiteengesit.

16.9.2 die nominasies sal skriftelik aan die Trustees geadresseer wees en sal aandui watter Begunstigde die nominasie maak. Elke genomineerde kandidaat sal deur die Trustees genader word om sy/haar toestemming vir die staan vir verkiesing as 'n Trustee te verkry.

16.10 Die verkiesing van die Trustees sal plaasvind op 'n dag en datum vasgestel deur die Trustees en sal plaasvind deur geheime stemming met elke Begunstigde geregtig om die hoeveelheid stemme soos bo aangedui uit te oefen.

16.11 Die Trustees sal seker maak dat 'n onafhanklike stem opnemer die Begunstigdes se stemme ontvang en tel en sal die 2 (twee) verkose Trustees onmiddellik na die verkiesing aankondig. In geval van 'n staking van stemme sal die Trustees toesien dat die stem opnemer die werklike aantal Begunstigdes wat vir elke kandidaat gestem het optel en die kandidaat wat die meeste stemme so verwerf het, as behoorlik verkies verklaar word. Die Trustees wat dan die amp beklee sal geag te bedank het wanneer die nuut verkose Trustees se name aangekondig word en sodanige bedanking sal van krag wees van die dag waarop die nuwe magtigingsbriewe uitgereik word deur die Meester aan die verkose Trustees.

16.12 In geval dat die Meester weier om die magtigingsbriewe uit te reik of vereis dat die Trustees sekuriteit moet voorsien as gevolg van die verkiesing van 'n spesifieke Trustee, sal daardie verkose Trustee nie kwalifiseer as 'n Trustee van die Trust nie. In sodanige geval, sal die Trustees die genomineerde Begunstigde wat die meeste



M.J.
U.E.
R.J.P.

stemme ontvang het identifiseer en voorlê aan die Meester om die gediskwalifiseerde Begunstigde te vervang as Trustee van die Trust. Dieselfde proses sal gevolg word indien die Meester weier om die magtigingsbriewe uit te reik aan die genomineerde Begunstigde of sekuriteit vereis as gevolg van die vervanging van die genomineerde begunstigde van die gediskwalifiseerde Begunstigde.

16.13 Sou die getal Trustees ter enige tyd nie voldoen aan die getal Trustees vereis in terme van klousule 16.2 hierbo nie, sal die oorblywende Trustees verplig wees om so gou as moontlik die pos te vul met behoorlike inagneming van die vereistes van klousules 16.2 en 16.8 hierbo, deur die ko-optering van 'n addisionele Trustee of 'n onafhanklike Trustee. Sodanige addisionele Trustee mag ook 'n Trustee wees wat vroeër bedank het of afgedank is as Werknemer. Enige nuwe Trustee aangestel in terme van die genoemde bepalings sal dien as Trustee vir die oorblywende termyn van die vervangde Trustee en sal verkiesbaar wees vir heraanstelling as Trustee.

16.14 Die Trustees mag 'n administratiewe en/of professionele Trustee aanstel wie in daardie hoedanigheid die volle administratiewe sake van die Trust (of 'n gedeelte daarvan), soos die Trustees van tyd tot tyd sal bepaal, sal onderneem en wie geregtig sal wees om 'n redelike vergoeding te ontvang vir dienste gelewer in soverre so 'n administratiewe en/of professionele Trustee geregtig is om redelike fooie in die omstandighede te vra vir die administrasie van die Trust.

16.15 Die meerderheid (51% (een-en-vyftig persent) of meer) van die Trustees moet altyd Swart Persone wees. Indien die meerderheid van Trustees nie Swart Persone is nie as gevolg van dood, onbevoegdheid, bedanking, of ontruiming van die amp, sal die oorblywende Trustees:

16.15.1 gemagtig wees om aan te hou om hul bevoegdhede as Trustees uit te oefen ten einde die Trustfonds te administreer ooreenkomstig hierdie Trustakte totdat 'n ander Trustee aangestel is, welke aanstelling binne 90 (negentig) dae na die dood, onbevoegdheid, bedanking of ontruiming van amp deur 'n trustee deur die oorblywende Trustees moet geskied;

F.M.J.
UE
R.J.P
AN
ICR

16.15.2 nie geregtig wees om 'n geldige besluit vir die verdeling van die Trustfonds of 'n gedeelte daarvan of enige wysiging aan die Trustakte te neem nie totdat daar aan bogenoemde vereiste voldoen word nie.

16.16 Indien 'n vakature ontstaan as gevolg van die dood, onbevoegdheid, bedanking of ontruiming van die amp sal sodanige vakature gevul word deur 'n persoon aangestel deur Begunstigdes ooreenkomstig hierdie Trustakte.

16.17 'n Algemene Vergadering van die Begunstigdes sal geregtig wees om op enige stadium die Meester te versoek om 'n dienende Trustee van sy amp te onthef en te vervang of om enige addisionele Trustees aan te stel as wat hulle nodig mag ag op voorwaarde dat:

16.17.1 geen sodanige besluit om 'n Trustee van sy amp te onthef van enige krag of werking sal wees nie tensy dit aanvaar is as Spesiale Besigheid by 'n spesiale Algemene Vergadering wat belê is nadat ten minste 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing daarvan gegee is; en

16.17.2 die kennisgewing wat die vergadering belê sal dit duidelik stel dat dit die bedoeling is om sodanige Trustee/s van sy/hul amp te onthef; en

16.17.3 voordat enige besluit om 'n Trustee van sy amp te onthef aanvaar word, sal sodanige Trustee die geleentheid gegee word om die vergadering toe te spreek in verband met sy/haar voorgestelde ontslag.

## 17 ONAFHANKLIKE TRUSTEE

17.1 Die hoof funksie en rol van die onafhanklike Trustee sal wees om die Trustees te voorsien van advies, leiding en ondersteuning in die opstel en vestiging van die Trust se daaglikse aktiwiteite, stelsels en administrasie.

17.2 Onderhewig aan die bepalings van klousule 18 sal die posisie van die onafhanklike Trustee slegs vir 'n periode van 10 (tien) jaar dien, waarna die posisie van onafhanklike Trustee sal verval tensy die Begunstigdes op of voor die 10de (tiende) Algemene Jaar

A.M.J. IAR
U.E
R.J.P
AN

Vergadering van die Trust anders besluit. Daarna sal die onafhanklike Trustee ingevolge die bepalings van klousule 16 verkies word.

17.3 Alle kostes en uitgawes wettiglik aangegaan deur die onafhanklike Trustee in verband met die administrasie van die Trust sal betaal word in ooreenstemming met klousule 36.

18 ONTHEFFING VAN AMP

18.1 'n Trustee word van sy amp onthef en gediskwalifiseer indien 'n Trustee:

18.1.1 bedank;

18.1.2 geestes ongesteld is;

18.1.3 sterf;

18.1.4 andersins onbevoegd is om as Trustee op te tree;

18.1.5 se boedel gesekwestreer word of aansoek gedoen word vir die oorgawe van die Trustee se boedel, of die boedel vrywilliglik oorgegee word;

18.1.6 gediskwalifiseer word in terme van die Maatskappyewet, 1973 om as direkteur van 'n maatskappy op te tree;

18.1.7 skuldig bevind word van enige misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is;

18.1.8 nie minder as 80% (tagtig persent) van die Begunstigdes ten gunste van 'n mosie van wantroue stem ten opsigte van daardie spesifieke Trustee of al die Trustees nie;

18.1.9 onthef word in terme van 'n besluit wat behoorlik geneem is ingevolge die bepalings van klousule 16.17.

18.2 'n Trustee sal geregtig wees om enige tyd te bedank deur skriftelike kennisgewing tot daardie effek te gee aan die ander Trustees.

F.M.J
U.E
R.J.P
AN
IAR

## 19 MAGTE VAN TRUSTEES

19.1 Ten einde die doelstellings van die Trust te bevorder, het die Trustees 'n algehele diskresie ten opsigte van die wyse waarop hulle die Trustbates wat die Trustfonds daarstel vir die voordeel van die Begunstigdes administreer en handel. Die Trustfonds vestig in die Trustees en val onder hulle beheer en sal deur hulle aangewend word vir die bereiking van die doelstellings van die Trust.

19.2 Gevolglik sal die Trustees sodanige magte en bevoegdhede hê as wat benodig word om die Trustfonds te administreer. Sonder om afbreek te doen aan die algemene strekking van die voorafgaande sal die Trustees die volgende magte en bevoegdhede hê, naamlik:

19.2.1 die algemene beleggings en administratiewe magte soos uiteengesit word in Aanhangsel **"A"**; en

19.2.2 die doelstellings van die Trust na te streef;

19.2.3 om die Great Force Investments Aandele te koop vir die doel van die Brëe-Basis Eienaarskap Skema onderworpe aan die bepalings van hierdie Trustakte;

19.2.4 om vir die Almika Aandele in te skryf vir die doel van die Brëe-Basis Eienaarskap Skema onderworpe aan die bepalings van hierdie Trustakte;

19.2.5 om te voldoen aan hulle verpligtinge en verantwoordelikhede in terme van die Trustakte;

19.2.6 die spesiale magte wat hieronder uiteengesit word, naamlik:

19.2.6.1 om enige ooreenkomste van tyd tot tyd namens en/of vir die voordeel van die Trust, te sluit, te aanvaar, te ratifiseer of te bekragtig;

19.2.6.2 om die verskeie bates wat die Trustfonds daarstel te ontvang, te behou en te administreer ten behoewe van en vir die voordeel van die Begunstigdes;

19.2.6.3 om, indien hulle dit toepaslik vind, afsonderlike gedeeltes van die Trustfonds op



F.M.J. U.E R.J.P

te rig vir administratiewe, fiskale of ander redes (maar binne die raamwerk van die Trust se toegelate doelstellings en oogmerke) en om afsonderlike boeke en rekords te hou van elke afsonderlike gedeelte van die Trustfonds;

19.2.6.4 om finansiële-, regs- en ander adviseurs aan te stel en om sodanige rekenkundige, sekretariële of ander professionele bystand as wat van tyd tot tyd nodig mag wees, te bekom;

19.2.6.5 om een of meer ander trusts, maatskappye of ander regsentiteite op te rig of te registreer as wat nodig mag wees vir die onderneming van enige spesifieke taak, projek of onderneming in verband met die doelstellings van die Trust; en in dié mate wat die Trustees dit nodig mag vind om fondse en bates oor te dra en funksies te delegeer aan sodanige regsentiteit/e vir die voordeel van en in die belang van die Begunstigdes;

19.2.6.6 om enige skema met die oog op die akkommodasie en verhoging in die lewenstandaard van die Begunstigdes te bevorder of te inisieer;

19.2.6.7 om fondse te leen ten einde teenprestasie aan Begunstigdes te betaal wie se Eenhede ooreenkomstig die bepalings van die Trustakte aan die Trust verbeur is of aan Trustees toegeval het;

19.2.6.8 om Eenhede aan Kwalifiserende Werknemers toe te ken op terme en voorwaardes wat die Trustees mag bepaal met dien verstande dat voormelde terme en voorwaardes nie mag bots met die bepalings van die Trustakte of met 'n besluit deur die Begunstigdes geneem op 'n Algemene Vergadering nie;

19.2.6.9 om van tyd tot tyd die persone wat die Trust sal verteenwoordig op die direksie of ander bestuursliggaam van enige entiteit waarin die Trust 'n belang het te nomineer, te ontslaan en te vervang;

19.2.6.10 om aandeelhouersooreenkomste en ander ooreenkomste te sluit met mede-aandeelhouers of persone saam met wie 'n boerdery onderneming, direk of indirek, beoefen of bedryf word;

19.2.6.11 om in die algemeen al sodanige handelinge te verrig wat aanvullend of bydraend is tot die bereiking van die doelstellings van die Trust;

19.2.6.12 om Eenhede van Begunstigdes terug te koop ooreenkomstig die bepalings van die Trustakte;

19.2.6.13 om die Trustfonds of gedeeltes daarvan aan te wend vir die bevordering van Begunstigdes se sosiale en ekonomiese opheffing en/of welvaart.

19.3 Nieteenstaande die bostaande bepalings, mag die magte van die Trustees beperk word op die wyse soos voorgestel in klousule 19.4 en sal dit beperk word op die wyse soos voorgestel in klousule 19.4 tot so 'n mate as wat regtens toelaatbaar is.

19.4 Die magte van die Trustees mag ter enige tyd beperk word in terme van 'n besluit wat aanvaar is by 'n Algemene Vergadering van Begunstigdes (wat behoorlik belê en gehou is op die wyse soos voorgestel in klousule 23 tot so 'n mate as wat regtens toelaatbaar is.

19.5 Die magte van die Trustees is beperk ten opsigte van die aangeleenthede wat gedefinieer is as "Spesiale Besigheid" in terme van klousule 32 tot so 'n mate as wat regtens toelaatbaar is.

## 20 PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN TRUSTEES

20.1 Afgesien van die gemeenregtelike pligte wat aan die amp van 'n Trustee kleef, is Trustees onderhewig aan al die pligte van 'n Trustee soos in die Wet uiteengesit, naamlik om:

20.1.1 'n notarieel gesertifiseerde afskrif van die trustdokument en enige wysiging daarvan by die Meester in te dien;

20.1.2 slegs as Trustee op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester,

20.1.3 'n adres aan die Meester te verstrek vir die betekening aan hom van kennisgewings

F.H.J.
U.E
R J P

en prosesstukke en in die geval van 'n adresverandering, die Meester binne 14 (veertien) dae skriftelik per geregistreerde pos van die nuwe adres in kennis te stel;

20.1.4 onmiddellik 'n afsonderlike rekening by 'n bank in die naam van die Trust te open en alle gelde wat die Trust verkry in sodanige rekening te stort;

20.1.5 alle bates van die Trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die Trust in besit te neem en in bewaring te hou;

20.1.6 behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die Trust;

20.1.7 alle Trustgoed deurlopend afsonderlik te hou of te registreer sodat dit altyd as Trustgoed geïdentifiseer kan word;

20.1.8 nie oor enige bates van die Trust tot hulle eie voordeel of tot voordeel van hulle boedels te beskik nie en om deurlopend met sorgsaamheid en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word.

## 21 SEKURITEIT

Die Trustees word vrygestel van enige verpligting om sekuriteit te stel in terme van die bepalings van die Wet of enige ander wetgewing wat huidiglik of in die toekoms in werking mag tree in verband met of ontstaande uit sy aanstelling as Trustee.

## 22 PROSEDURE BY VERGADERINGS VAN TRUSTEES

22.1 Die Trustees sal vergaderings belê en uitvoer op sodanige basis en manier as wat hulle toepaslik mag vind, met dien verstande dat:

22.1.1 'n voorsitter en 'n adjunk-voorsitter verkies sal word deur die Trustees wat as sodanig sal dien vir 'n periode van 3 (drie) jaar (tensy hulle onthef of vervang word gedurende die 3 (drie) jaar periode). Enige ander ampsdraers sal genomineer word deur die Trustees en sal diens doen vir sodanige periodes as wat die Trustees mag bepaal;

22.1.2 die voorsitter mag in sy diskresie vergaderings van die Trustees belê, maar sal



F.M.J
U.E
R.J.P
AN

verplig wees om sodanige vergaderings te belê indien dit op enige stadium skriftelik vereis word deur enige 2 (twee) Trustees. Die kennisgewing ingevolge waarvan die vergadering belê word, sal skriftelik wees en sal 'n agenda insluit. Sodanige kennisgewing sal gepos of afgelewer word aan die Trustees ten minste 7 (sewe) dae voordat die betrokke vergadering belê word, tensy daar in spesiale omstandighede 'n dringende vergadering nodig mag wees. In voormelde geval mag kennisgewing van die vergadering mondelings of op enige ander wyse gegee word as wat die voorsitter mag bepaal, sonder die voldoening van die betrokke formaliteite;

22.1.3 die kworum vir 'n vergadering van die Trustees sal die meerderheid van die dienende Trustees wees;

22.1.4 by elke vergadering van Trustees, sal elke Trustee 1 (een) stem hê. Alle sake voortspruitend by so 'n vergadering sal, tensy hierdie Trustakte spesifiek anders bepaal, beslis word deur 'n meerderheid van stemme;

22.1.5 indien daar 'n staking van stemme is, sal die Voorsitter nie 'n tweede of beslissende stem hê nie;

22.1.6 behoorlike notules van al die vergaderings van die Trustees sal gehou word. Die notules sal na goedkeuring daarvan by die daaropvolgende vergadering deur die Voorsitter of sy adjunk onderteken word en sal te alle tye beskikbaar wees vir ondersoek of die maak van afskrifte deur enige ander Trustee;

22.1.7 'n Dokument of dokumente waarin 'n besluit vervat is en wat onderteken is deur al die Trustees sal geldig wees asof dit geneem is by 'n behoorlike saamgeroepte vergadering van die Trustees onderhewig daaraan dat indien meerdere dokumente onderteken word die besluit in elke sodanige dokument woordeliks dieselfde is.

F.M.J.
U.E
R.J.P
AH
IAK